

Verbondsgeloof



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Galásiërs 6:14; Romeine 6:23; I Johannes 5:11, 13; Romeine 4:1-7; Levítikus 7:18; Levítikus 17:1-4; Romeine 5:1.

Geheeteks:

“En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe” (*Galásiërs 3:11*).

Ongeveer sewe eeue voor Christus het die digter, Homer, “Odyssey” geskryf, die verhaal van Odysseus die groot krygsman wat — nadat hy die stad van Troje gedurende die Trojaanse oorlog geplunder het — ‘n tienjaarlange reis begin het om na sy geboorteland, Ithaca, terug te keer. Die reis het lank geneem omdat hy ‘n paar skipbreuke gely het, oproere en storms beleef het, monsters teëgekomp het en ook ander struikelblokke wat hom weerhou het om sy doel te bereik. Uiteindelik, nadat die gode besluit het dat Odysseus genoeg gely het, het hulle besluit om toe te laat dat die moeë krygsman huis toe en na sy gesin toe te kon gaan. Hulle het besluit dat hy genoeg beproewinge deurgemaak het as versoening vir sy foute wat hy gemaak het. In ‘n sekere sin is ons net soos Odysseus op ‘n lang reis huis toe. Die groot verskil is egter dat ons nie soos Odysseus “genoeg kan ly” om ons pad terug te verdien nie. Die afstand tussen die hemel en die aarde is te groot vir ons om ons foute te versoen. Sou ons by die huis kom, sal dit alleenlik deur die genade van God wees.

Hierdie week met een oogopslag: Hoekom moet verlossing ‘n gawe wees? Hoekom kan net iemand wat gelyk aan God is ons siele terugkoop? Wat maak Abraham so ‘n goeie geloofsvertegenwoordiger? Wat beteken dit dat regverdigheid aan ons “toegereken” of “toevertrou” word? Hoe kan ons die beloftes van en die hoop op die Kruis ons eie maak?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 19 Junie*

Gedagtes oor Gólgota

Die Ou Testament se weg na verlossing onder die Mosaiëse verbond verskil nie van die Nuwe Testamentiese weg na verlossing onder die nuwe verbond nie. Of dit Ou of Nuwe Testament is, of die ou of nuwe verbond, verlossing vind alleenlik deur geloof plaas. Indien dit deur enigiets anders was soos bv. werke, sou verlossing iets gewees het wat aan ons verskuldig sou wees, iets wat die Skepper sou verplig het om aan ons te gee. Net diegene wie nie die erns van sonde beseef nie, kan glo dat God onder 'n verpligting is om ons te red. Inteendeel, indien enige, sou daar net een verpligting gewees het, dit wat ons aan die wet wat ons oortree het, verskuldig is. Ons kan natuurlik nie daardie verpligting nakom nie; gelukkig het Jesus dit namens ons gedoen.

“Wanneer manne en vroue die omvang van die groot opoffering begryp wat deur die Majesteit van die hemel vir die mens gemaak was deur in hulle plek te sterf, dan sal die plan van verlossing verhef word, en sal die gedagtes oor Gólgota tere, heilige en warm emosies in die Christen se hart opwek. Lof aan God en die Lam sal in hulle harte en op hulle lippe wees. Hoogmoed en die eie-ek kan nie in harte floreer wat die verskriklike tonele van Gólgota vars in die gedagtes hou nie. . . . Al die rykdom van die wêreld is nie genoeg om een sterwende siel te red nie. Wie kan die liefde wat Christus vir 'n verlore wêreld gevoel het terwyl Hy op die kruis gehang het en vir die sondes van die skuldige mens gely het, meet? Hierdie liefde is onmeetbaar, eindeloos.

“Christus het getoon dat Sy liefde sterker as die dood was. Hy het die mens se verlossing bewerkstellig; en alhoewel Hy vreeswekkend met die magte van die duisternis geworstel het, het sy liefde te midde daarvan net sterker en sterker geword. Hy het die onttrekking van sy Vader se aangesig verdra totdat Hy daartoe gedryf was om in die benoudheid van Sy siel uit te roep: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ Sy oorwinning het verlossing teweeggebring. Die prys was betaal om die mens se verlossing te koop, in die laaste sielestryd het Hy die Goddelike woorde wat geklink het asof dit deur die heelal weergalm, geuiter: ‘Dit is volbring.’

“Die tonele by Gólgota gee aanleiding tot die diepste emosie. Jy mag maar entoesiasies oor hierdie onderwerp raak. Ons gedagtes en verbeelding kan nooit ten volle begryp hoe Christus, so voortreflik, so onskuldig, so 'n smartlike dood moes ly deur die las van die sonde van die wêreld te dra nie. Die lengte, die breedte, die hoogte, die diepte van sulke verbasende liefde kan ons nie peil nie. Die aanskouing van die ongeëwenaarde diepte van 'n Verlosser se liefde behoort die gedagtes te vul, die siel te versag, die liefde te verfyn en veredel, en die hele karakter geheel en al te verander.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 2, bl. 212-213, (vry vertaal).

Bid oor wat Ellen G. White hier geskryf het. Met hierdie woorde in gedagte, lees Galásiërs 6:14 en vra jousef dan op watter maniere jy in die Kruis van Christus kan roem?

Die verbond en die offer

“omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (*1 Petrus 1:18, 19*).

Wat bedoel Petrus hier as hy sê dat ons losgekoop is?

Wanneer Petrus oor Christus se versoeningsdood op die kruis praat, laat die “losprys-” of prysgedagte waarna hy verwys, ‘n mens aan die antieke gewoonte dink van ‘n slaaf wat vrygestel was nadat ‘n losprys vir hom of haar betaal was (dikwels deur ‘n familielid). In teenstelling hiermee het Christus ons van die slawerny van sonde en die uiteinde daarvan, die dood, vrygekoop, maar Hy het dit met sy “kosbare bloed” gedoen, deur sy plaasvervangende en vrywillige dood op Gólgota. Hierdie is weereens die fondament van al die verbonde: daarsonder word die verbond kragteloos en nietig, want God sou dan nie sy kant van die ooreenkoms regverdiglik kon nagekom het nie, naamlik die gawe van die ewige lewe wat aan almal wat glo, gegee word.

Slaan die volgende verse na: Romeine 6:23, I Johannes 5:11, 13. Watter boodskap het hulle in gemeen?

Ons het die belofte van die ewige lewe omdat alleenlik Jesus die skeiding tussen ons en Hom wat veroorsaak het dat ons die ewige lewe verloor het, kon herstel. Hoe? Deurdat die regverdigheid en oneindige waarde van die Skepper self dit wat ons aan die wet verskuldig was, kon kanselleer — dit is hoe groot die skeuring was wat deur die sonde veroorsaak was. Per slot van rekening, wat sou dit oor die erns van God se ewige morele wet gesê het indien ‘n beperkte, wêreldse en geskape wese die prys vir die oortreding daarvan, sou kon betaal? Net iemand wat gelyk aan God self was, in wie die lewe bestaan en afstam tot in ewigheid, kon die vereiste losprys betaal het om ons vry te stel van wat ons aan die wet verskuldig was. Dit is hoe alle verbondsbeloftes vervul word; dit is hoe ons die belofte van die ewige lewe verkry, selfs nou nog; dit is hoe ons van die sonde en die dood vrygekoop was.

Stel jou voor dat iemand se kind in ‘n kunsmuseum ‘n ballon wat met ink gevul is, op ‘n Rembrandtskildery uitkeer en dit heeltemal ruïneer. Die skildery is miljoene werd; al sou die ouers alles wat hulle besit, kon verkoop, sou hulle nie eers naby genoeg hê om dit wat hulle skuld, te betaal nie. Hoe help hierdie voorstelling ons om te verstaan hoe groot die kloof is wat sonde veroorsaak het, hoe hulpeloos ons is om dit reg te stel, en hoekom net die Here self die prys kon betaal het?

Abraham se geloof: Deel 1

“ ‘En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.’ ” (*Génesis 15:6*).

Hierdie vers bly nog een van die diepsinnigste mededelings wat in die hele Skrif gemaak is. Dit help om die allerbelangrikste waarheid van bybelse godsdiens, nl. regverdiging deur geloof alleenlik, te bevestig, en dit reeds gedoen het eeue voordat Paulus daaroor in Romeine geskryf het. Dit help om die punt te bewys dat verlossing vanaf Eden nog altyd dieselfde pad geloop het. Die onmiddellike konteks van die vers help ons om te verstaan hoe groot Abram se geloof was deur God se belofte te glo dat hy ‘n seun sou hê, al het die fisiese bewyse dit onmoontlik laat lyk. Dit is die tipe geloof wat sy eie volslae hulpeloosheid besef, die tipe geloof wat ‘n algehele oorgawe van self vereis, die tipe geloof wat ‘n totale oorgawe aan die HERE vereis, die tipe geloof wat gehoorsaamheid tot gevolg het. Dit was Abram se geloof, en dit was hom “tot geregtigheid” gereken.

Hoekom sê die Bybel dat dit hom as geregtigheid “gereken” of “toegereken” was? Was Abram uit sy eie “regverdig” in die sin van God se geregtigheid? Wat het hy gedoen kort nadat God hom regverdig verklaar het wat ons sal help om te verstaan hoekom hierdie geregtigheid hom toegereken was, teenoor wie hy eintlik was?

Hoewel Abram se lewe ‘n lewe van geloof en gehoorsaamheid was, was dit nie ‘n lewe van volmaakte geloof en volmaakte gehoorsaamheid nie. By tye het hy met beide swak gevaar. (Klink dit soos iemand wat jy ken?) Dit alles lei na die uiters belangrike punt: die geregtigheid wat ons red, is ‘n geregtigheid wat ons deelagtig word, ‘n geregtigheid wat (om ‘n mooi teologiese term te gebruik) aan ons toegereken word. Dit beteken dat ons ten spyte van ons foute deur God regverdig verklaar word; dit beteken dat die God van die hemel ons as regverdig sien selfs al is ons nie. Dit is wat Hy met Abram gedoen het, en dit is wat Hy met almal doen wat met “Abraham se geloof” na Hom toe kom (*Romeine 4:16*).

Lees Romeine 4:1–7. Let hier op na die konteks waarin Paulus Génesis 15:6 gebruik. Bid oor hierdie verse en skryf in jou eie woorde wat jy glo dit vir jou sê.

Abraham se geloof: Deel 2

Verskillende Engelse vertalings het die woord “gereken” (Hebreeus, *hasab*) in Génesis 15:6 op verskeie maniere as “beskou” of “toegereken” of “geag” vertaal. Dieselfde woord word in ander verse in die boeke van Moses gebruik. ‘n Persoon of ‘n ding word as iets “beskou” of “geag” wat daardie persoon nie is nie. Byvoorbeeld, in Génesis 31:15, bevestig Ragel en Lea dat hulle vader hulle as vreemdelinge “beskou” (“ag” of “reken”) terwyl hulle sy dogters is. Die tiende van die Leviete word “gereken” (“beskou” of “geag”) asof dit koring van die dorsvloer af is, alhoewel dit klaarblyklik nie was nie (*Númeri 18:27, 30*).

Hoe word die gedagte van aanspreeklikheid in die konteks van offerandes bewoord? (Levítikus 7:18, Levítikus 17:1–4).

Die King James-Vertaling gebruik die woord “toegereken” om *hasab* te vertaal. As ‘n spesifieke offerande (“dankoffer”) nie teen die derde dag geëet was nie, sou dit onrein wees, en sou dit nie “met welgevalle” tot voordeel van die offeraar kon “aangeneem word nie” (“toegereken” word nie) (*Levítikus 7:18 AOV, Hebreeus, hasab*). Levítikus 7:18 praat van ‘n situasie waar ‘n offerande tot die voordeel van die sondaar sou kon “toegereken” word (*vergelyk Levítikus 17:1–4*) en die sondaar dan regverdig voor God sou kon staan. God ag die sondaar as regverdig alhoewel die individu eintlik onregverdig is.

Dink na oor hierdie wonderlike waarheid dat ons, ten spyte van ons foute, in die oë van God regverdig geag of toegereken kan word. Skryf in jou eie woorde hoe jy verstaan wat hierdie beteken.

Die groot waarheid van regverdiging sonder enige handeling van ons kant af, maar net omdat ons glo wat Christus vir ons gedoen het, is die kern van die frase “regverdiging deur geloof”. Maar dit is nie ons geloof wat ons regverdig maak nie; geloof is liewer die middel waardeur ons die gawe van regverdiging ontvang. Hierdie kernwaarheid is die mooiheid, die verborgenheid en die heerlikheid van die Christendom. Alles wat ons as Christene en volgelingen oor Christus glo, vorm ‘n belangrike grondbeginsel van hierdie wonderlike konsep. Deur geloof word ons as regverdig in die oë van God gereken. Alles wat daarop volg: gehoorsaamheid, heiligmaking, heiligheid, karakterontwikkeling, liefde, moet uit hierdie uiters belangrike waarheid uit voortspruit.

Hoe reageer jy teenoor iemand wat graag ‘n Christen wil wees wat sê, “Maar ek voel nie regverdig nie”?

Innerlike vertroue op die beloftes

‘n Verhaal word vertel van die beroemde Kardinaal Bellarmine, die bekende Katolieke apologeet wat regdeur sy lewe teen die boodskap van regverdiging deur toegerekende geregtigheid alleenlik, geveg het. Op sy sterfbed was die kruisbeelde en die verdienstes van die heiliges aan hom voorgehou om aan hom sekerheid en gerusstelling te bring voor hy sou sterf. Maar Bellarmine het gesê, “Neem dit weg. Ek dink dit is veiliger om op die verdienstes van Christus te vertrou.”

Vir baie mense wat aan die einde van hulle lewens kom en dan terugkyk, lyk hulle dae en hulle werke vrugteloos en nikswerd om verlossing by ‘n heilige God te verdien nie, en daarom die geregtigheid van Christus nodig het. Maar die goeie nuus is dat ons nie hoef te wag vir ons naderende dood voordat ons sekuriteit by die Here kan hê nie. Die hele verbond is steeds op die gewaarborgde beloftes van God gegrond, beloftes wat ons lewens nou kan verbeter.

Slaan die volgende verse na en beantwoord die vraag wat by elkeen gevra word in die konteks van die ontwikkeling, instandhouding en versterking van jou verbondsverhouding met God:

Psalm 34:9 (Hoe kan jy God se goedheid smaak?)

Matthéüs 11:30 (Wat is dit wat Christus vir ons gedoen het wat hierdie juk sag maak?)

Romeine 5:1 (Wat het regverdiging met vrede te doen?)

Filippense 2:7, 8 (Hoeveel het jy uit Christus se ondervinding gebaat?)

Ondersoek jou lewe biddend en vra jouself watter dinge doen ek wat my verhouding met God versterk, en watter dinge breek dit af? Watter veranderinge moet ek maak?

Vir verdere studie:

“Die enigste manier wat hy [die sondaar] tot regverdigheid kan kom, is deur geloof. Deur geloof kan hy die verdienstes van Christus na God bring, en die gehoorsaamheid van sy Seun word deur die Here aan die sondaar toegereken. Christus se geregtigheid word in die plek van die mens se tekortkominge aanvaar, en God ontvang, vergewe, en regverdig die berouvolle, gelowige siel, en behandel hom asof hy regverdig is, en het hom lief net soos Hy sy Seun liefhet. Dit is hoe geloof tot geregtigheid gereken word.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 367, (vry vertaal) “Wanneer ons deur berou en geloof Christus as ons Verlosser aanvaar, vergewe die Here ons sondes en skeld die straf kwyt wat vir die oortreding van die wet voorgeskryf was. Die sondaar staan dan as ‘n regverdige persoon voor God; hy geniet die Hemel se guns en het gemeenskap met die Vader en die Seun deur die Heilige Gees. “Dan is daar nog ‘n ander werk wat tot stand gebring moet word, en dit is progressief van aard. Die siel moet deur waarheid geheilig word. En dit word ook deur geloof verwesenlik. Want dit is net deur die genade van Christus wat ons alleenlik deur geloof ontvang, dat die karakter verander kan word.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 3, bl. 191, (vry vertaal).

Vrae vir bespreking:

1. Hoe word daar tussen ‘n lewende en ‘n dooie geloof onderskei? (*Jakobus 2:17, 18*). Hoe beskryf Paulus ‘n lewende geloof? (*Romeine 16:26*). Wat is die sleutelwoord wat help om die gevolg van geloof te openbaar?
2. Hoe reageer jy op die argument (wat ‘n sekere logiese konsekwentheid volg) dat indien ons net deur toegerekende geregtigheid gered word, en nie deur ons eie geregtigheid nie, dit dan nie saak wat ons doen of hoe ons optree nie?
2. “Ons aanvaarding by God word net deur Sy geliefde Seun verseker, en goeie werke is maar net die gevolg van die werking van Sy vergewende liefde. Dit kom nie uit onself nie, en nie deur ons eie toedoen of goeie werke waardeur ons vir onself verlossing kan toe-eien nie. . . . Die gelowige kan nie sy goeie werke as ‘n pleidooi vir die verlossing van sy siel aanbied nie.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 3, bl. 199, (vry vertaal). Deur hierdie aanhaling van Ellen G. White in gedagte te hou, hoekom is goeie werke dan so uiters belangrik vir die Christelike lewenswyse?

Opsomming: Ou verbond, nuwe verbond: Jesus het die prys wat deur die wet vereis word, betaal sodat ons in die oë van God regverdig kan wees.